

SONDAG: 40

VRAAG EN ANTWOORD: 106

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Praat hierdie gebod net van doodmaak?			
Antwoord: Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die wortel daarvan,	1	Psalm 37:8	He. Laat staan die toorn en verlaat die grimmigheid; wees nie toornig nie: dit is net om kwaad te stig.
		Spreuke 14:30	'n Rustige hart is die lewe vir die vlees, maar hartstog 'n verrotting vir die gebeente.
		Romeine 1:29	hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid;
soos afguns, haat,	2	1 Johannes 2:11	Maar hy wat sy broeder haat, is in die duisternis en wandel in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie, omdat die duisternis sy oë verblind het.
woede	3	Galasiërs 5:19-21	En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.
		Jakobus 1:20	Want die toorn van 'n man bewerk nie die geregtigheid voor God nie.
en wraaklus verafsku.. Dit alles is vir Hom heimlike moord	4	1 Johannes 3:15	Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie.